
# DIE SWART LUIPERD

No 70.
Die Geheim van die Begrafplaas van die Olifante.



MEIRING FOUCHE

Spikkels en Simson sien dat hulle baas feitlik in 'n doodsgreep is en in die mag van twee gorillas. Hulle spring nader. Hulle sien ook hoedat die derde gorilla wat in die paadjie voor hulle verskyn het, met lang hale nader gehardloop kom. Die twee tiers vlieg in. Hulle ontsien niks. Hulle val aan met tand en klou.

Die Swart Luiperd veg vir al wat hy werd is maar so deur alles voel hy wanhopig. Een Gorilla is genoeg. Laat staan nog twee.

Dit word 'n vinnige en dodelike worsteling. Dit is verby net so gou as wat dit begin het en toe die Swart Luiperd, duiselig en vol pyn verbystered orent kom, sien hy dat dit ook die eienaardigste geveg is waarby hy nog betrokke was.

Stofomslag: Willie du Plooy

6 000256 000063

# DIE SWART LUIPERD

No 70.
Die Geheim van die Begrafplaas van die Olifante.

R2,20
a.v.b. uitgelsuit



MEIRING FOUCHE

# MAAGD VAN DIE SEE

Die gesegde 'Alle goeie dinge kom tot 'n einde' is sekerlik hier van toepassing. Gedurende die sestiger jare toe die Swart Luiperd reeks vir die eerste keer die lig gesien het, het duisende jong Suid Afrikaners elke maand gereeld met afwagting die boekwinkels besoek met die hoop om die nuutste uitgawe van hierdie gewilde reeks op te raap. Ook aan die einde van die sewentiger jare toe ons die reeks laat herleef het, is dieselfde effek ondervind. Vir sowat tien jaar lank het soveel lesers hulself ingeleef in die avonture van die gemaskerde supermens.

Die skrywers van hierdie reeks is almal reeds oorlede, met die uitsondering van Meiring Fouche wat nie net 'n hele klomp uitgawes in die Swart Luiperd-reeks voortgebring het nie, maar ook verantwoordelik was vir die skep van 'n hele paar ander, net so gewilde reekse. Ons dink hier in besonder aan Die Sahara-reeks. Kan daar dan enige twyfel bestaan dat die reeks waarmee ons die Swart Luiperd mee vervang nie ook net soveel byval sal vind nie. Dalk is 'n Seereeks nie almal se koppie tee nie, maar aan opwinding en gehalte sal daar beslis nie 'n tekort wees nie. Ons nooi u dus om die enigste van die klasieke Afrikaanse reekse wat nou nog op die mark oorbly te ondersteun. Anders gaan die bietjie Africana ook dalk skipbreuk ly.

U gaan beslis net so lief word vir Simon Verbeeck, en sy skip Nooi van Amsterdam, wat hom dit ten doel gestel het om seerowery hand en tand te beveg. Volg hom en sy getroue handlangers se avonture in die volgende klompie uitgawes.

Hierdie is dus die finale uitgawe van die Swart Luiperd reeks. Ons neem met 'n swympie heimwee afskeid van hom, maar verwelkom 'n nuwe klompie helde.

**Dit was nooit maklik om al die uitgawes van die Swart Luiperd-reeks op te spoor nie. Ons dank aan die Johannesburgse Africana Biblioteek vir hulle hulp. Vir 'n hele ruk was hierdie finale uitgawe (Geheim van Begrafplaas van die Olifante) net 'n naam op 'n lys uitgawes. Ons het al begin glo dat die uitgawe nooit verskyn het nie, totdat 'n jong leser van Pretoria ons gekontak het met die nuus dat hy 'n kopie van die boekie het. Ons opregte dank dus aan Francois v d Heever van Verwoerdburg en Dr J D Naude van Lady Grey vir die beskikbaarstelling van hierdie uitgawe.**

## Hoofstuk 1

Op die kant van die groot vlakte in 'n afgeleë hoek van die nuwe staat Burundi, hou die ruiter stil en haal sy verkyker uit. Dit is woeste verlate wêreld hier èn hy is gewaarsku om Burundi nie nou binne te gaan nie aangesien die staat so pas onafhanklik geword het en die inboorlinge daar bra rusteloos is. Daar word gevrees dat hulle handuit sal ruk teen die klompie blankes wat nog in die staat is.

Die ruiter kyk aandagtig deur die verkyker en toe sien hy 'n eienaardige gesig. Vir die gewone man sou dit miskien nie eienaardig gewees het nie, maar vir hierdie ruiter is dit wel want hy is die Swart Luiperd, daardie onverskrokke Suid-Afrikaner wat deur die oerwoude, die gebergtes en oor die vlaktes van Afrika swerf, bloot vanweë sy liefde vir die natuur.

Dit is 'n olifant wat hy op die vlakte sien. Dit is in hierdie deel nie buitengewoon nie omdat hierdie die groot blyplek is van die olifanttroppe. Maar, wat hom opval, is dat daardie olifant stoksiel alleen is. Blykbaar 'n groot bul. Miskien is selfs dit nie buitengewoon nie. Dit is eintlik die gedrag van die dier wat die Swart Luiperd interesseer. Hy loop 'n paar tree, dan gaan hy weer staan. Dan klap hy met die groot ore en hiervandaan lyk hy so pateties. Gladnie soos 'n groot olifantbul behoort te lyk nie.

,,Wat sou dit met hom wees,'' sê die Swart Luiperd teenoor sy swart hings en die twee mak jagluiperds Simson en Spikkels wat hier voor hom in die gras gaan lê het.

Die olifant beweeg weg van hom af. Die Swart Luiperd besluit onmiddellik om 'n bietjie te gaan ondersoek instel. Die dier beweeg in die rigting waarin hy beweeg en dit sal hom nie uit sy pad vat om te gaan kyk presies waarom 'n groot olifantbul so alleen hier op die vlakte is nie.

Hy trek sy hings Donker dadelik op en op 'n gemaklike galoppie ry hy die olifant agterna. Die twee tiers is danig uitgelate want

die Luiperdman het 'n uur gelede vir hulle 'n duiker geskiet waaraan hulle heerlik gesmul het. Nou is hulle lus vir avontuur.

Die Luiperdman bly na die olifant kyk en hy wonder of dit nie miskien die noodlot is wat hom op die spoor van die groot dier gebring het nie. Sou die olifant hom ook na sy bestemming lei?

Hierdie keer het die Swart Luiperd 'n besonderse bestemming. Hy is op soek na die legendariese begraafplaas van die olifante. Hy is 'n man wat al kruis en dwars in Afrika geswerf het. Hy ken die oerwoude, die vlaktes en die afgeleë dele van die donker kontinent. Hy ken dit so goed dat hy al op die plekke was waar weinig blankes nog ooit hul voet gesit het. En tog het hy nog nooit die voorreg gehad om 'n begraafplaas van die olifante te aanskou nie.

Toe hy 'n tydjie gelede in Mombassa was, het 'n afgetrede ou grootwildjagter hom daar vertel dat daar in die suidelike uithoek van Burundi so 'n begraafplaas van die olifante is. Die ou man, 'n Engelsman, het met die grootste stelligheid beweer dat so 'n begraafplaas wel bestaan, hoewel hy nie in die fynste besonderhede kon sê presies waar dit geleë is nie. Hy het dit op sy beurt van die inboorlinge gehoor, maar nie een van hulle was bereid om te sê presies waar dit geleë is nie.

Van Mombassa af het die Swart Luiperd getrek tot by 'n goeie vriend van hom, 'n wildbewaarder van Tanganjika. Hy het hom van sy voorneme vertel. Sy vriend het hom gewaarsku. ,,Moet Burundi nie nou binnegaan nie,'' het hy gesê. ,,Alles daar is nou so onseker en daar is aanduidings dat die swartes hulle wil wreek op die klein klompie blankes wat nog in die land is. Laat sake eers bedaar. Laat daar kalmte en rus kom.''

Maar, die Swart Luiperd het hom nie laat afskrik nie. Hy het aan die trek gegaan en die grens tussen Tanganjika en Burundi oorgesteek. En hier volg hy nou 'n olifant wat hom enigsins eienaardig gedra.

Kan dit wees dat hierdie 'n siek dier is op pad na die begraafplaas? Sou daar waarlik waarheid in steek wanneer die olifant voel dat hy gaan sterf, hy hom van sy trop afsonder en aan die trek gaan





reguit na die plek waar hy moet sterf? Sou daar in die groot dier waarlik hierdie merkwaardige instink bestaan om te weet waar hulle moet gaan sterf?

Die Swart Luiperd word so opgewonde dat hy die swart hings harder opdruk agter die olifant aan. Hy bereik die dier feitlik in die middel van die vlakte. En toe hy hom nader, sien hy dat daar met die olifant bepaald iets verkeerd is. Die swaar kop hang laag. Die ore klap aanhoudend asof hy iets van hom probeer weghou. Af-en-toe lyk dit asof die sterk bene onder hom swik, maar hy hou vol met sy stadige pas, reguit na die Weste. En af en toe gaan hy staan. Dan skud hy die kop. Dan begin hy maar weer aanstryk.

Die Swart Luiperd swaai voor die olifant in om hom goed te kan bekyk. Die dier steek vas en kyk enigsins verbaas na die indringer. Toe flap hy met die ore, tel sy slurp op en trompetter pateties. Hy probeer vorentoe storm. Hy probeer die ruiter skraap, maar die massiewe voorbene gee pad en hy ploeë met sy tande in die grond. Hy bly 'n rukkie so staan, toe sukkel hy weer op en asof hy die Swart Luiperd blykbaar nie raakgesien het nie, begin hy maar weer met sy stadige pas oor die vlaktes, streng op sy koers sonder om na links of regs te kyk. Nadat hy 'n entjie gestap het, gaan hy weer staan, kyk om hom heen en toe hervat hy die reis.

Die Luiperdman het die eienaardigste gevoel. So het hy 'n olifant nog nooit sien optree nie. Hierdie dier is klaarblyklik siek. Hy is plankdun, swak en kragteloos. En tog beur hy na die weste. Sy oë is ingevalle en dit is heeltemal duidelik dat daar met hom 'n groot fout is. Die Luiperdman het die indruk dat dit nie 'n ou olifant is nie. Hy is wel 'n kolossale dier met twee uitnemende tande. Hy het twee van die mooiste tande wat die Swart Luiperd nog ooit gesien het en tog is hy so kragteloos. Hy kyk die dier agterna en wonder wat sy kwaal kan wees. Ouderdom is dit gewis nie. Dit moet bloot siekte wees. Maar wat se soort siekte? 'n Olifant raak nie maklik siek nie. Veral nie 'n jong olifant nie. Gebrek aan kos is daar nie. Die wêreld is pragtig en die olifante wat hy teëgekom het sedert hy die grens van Tanzania oorgesteek het, is in puik kondisie. Hulle is vol lewenslus en een of twee keer moes Donker

net lelik uithaal om tussen hulle uit te kom. Hulle wil net alles skoongooi.

En tog kom ry hy nou af op hierdie patetiese skepsel wat blykbaar net een begeerte het en dit is om sy laaste kragte te gebruik om weswaarts te stap.

Die Luiperdman sit 'n rukkie besluiteloos in die saal. Hy dink vinnig na. Hy kan nie ontkom aan die gedagte dat hierdie dier op pad is om te gaan sterf nie. Of sou dit maar sommer 'n dwase ingewing wees?

Nogtans besluit hy om die olifant te volg. 'n Mens kan nooit weet nie—dalk lei die dier hom nog na die begraafplaas van die olifante.

Hy weet dat hy nou iets gevaarliks doen. As hy die olifant wil volg sal hy hom desnoods van tyd tot tyd moet blootstel en sy wildbewaarder-vriend het hom gewaarsku dat die olifant die heilige dier is van die half-barbaarse Barakastam wat die suidelike gedeelte van Burundi bewoon. Vir hulle is die olifant onaantasbaar en enigeen wat hom probeer te na kom of wat hom nie met die nodige eerbied behandel nie, is hul geswore vyand.

Maar wat, dink hy, in die oerwoude is 'n mens nooit buite gevaar nie. Daarom gaan hy die dier volg en kyk wat gebeur. Hoe meer hy na die olifant kyk, hoe meer kom hy tot die gevolgtrekking dat hy op pad is na die begraafplaas. Geen ander siek dier sal so reguit en so doelbewus 'n koers kies en daarmee volhou hoewel hy klaarblyklik dodelik siek is, nie.

Hy besluit om die olifant op 'n stappie te volg. Terwyl hy dit doen, dink hy weer aan daardie twee kolossale tande. Voorwaar twee voortreflike stukke ivoor. En terwyl hy daaraan dink, wonder hy of daar nie 'n fortuin aan ivoor in die begraafplaas van die olifante is nie. Daar moet wees. Wie weet hoeveel van die groot diere reeds daar gesterf het. En volgens die ou groot wildjagter, is daar feitlik niemand wat weet presies waar die begraafplaas is nie. Hy was so seker daarvan dat daar seker nie 'n enkele blanke is wat weet waar dit is nie. Die Baraka het wel 'n idee waar dit is, maar nie een van hulle was nog ooit daar, omdat hulle glo dat as hulle





daarheen gaan, hulle die olifante sal ontheilig en dat hulle daarmee die dodelike straf van hul voorgeeste op die stam sal afbring. Daaruit lei die Swart Luiperd af dat die begraafplaas van die olifante nog ongerep en onbesoek hier in suidelike Burundi iewers geleë moet wees.

Dit is toe die Luiperdman die rand van die oerwoud nader dat hy meteens besef dat hierdie vir hom blykbaar 'n buitengewone dag gaan word. Hy volg die olifant vir omtrent twee honderd tree. Die dier het al 'n paar maal gaan staan en omgekyk maar hy steur hom nie aan sy agtervolger nie. Hy bly 'n paar oomblikke staan, dan swaai hy maar weer weg en stap net sy koers.

Die Swart Luiperd sit nie in die saal en droom nie. Hy is maar alte bewus van sy vriend se waarskuwing. Die wildbewaarder het hom die een en ander van die Baraka vertel. Hulle is uiters geslepe, uitnemende jagters, en ontsettend wreed. Hulle kan die aakligste dinge aanvang met hul slagoffers. Hulle woon so afgeleë dat die beskawing eintlik nog nie tot hulle deurgedring het nie. As hulle jou vertrou, kan hulle goeie vriende word, maar as hulle jou haat of as hulle teen jou die geringste agterdog het, dan is jy dood.

Daarom dat die ruiter sy oë oophou. En daarom dat hy 'n tweede eienaardige verskynsel waarneem. Seker 'n kilometer van hom af, op regs, net waar die groot vlakte in die oerwoud doodloop, gewaar hy dit. Aanvanklik is dit net beweging. Hy ruk sy verkyker uit, vat dit voor sy oë en toe sien hy dat dit blykbaar 'n zebra is wat die vlakte binnegaan. Maar, dit is die eienaardigste Zebra wat die Suid-Afrikaner nog ooit gesien het. Die dier dra iets op sy rug. Hiervandaan lyk dit byna soos 'n groot voël wat op die zebra se rug sit. Maar die Luiperdman weet dat zebras gewoonlik nie groot voëls op hul rûe ronddra nie. Sou dit sowaar iemand wees wat die dier ry? Dit is net so onwaarskynlik. Zebras laat hulle nie sommer ry nie.

Hy bring sy perd tot stilstand en hou sy verkyker voor sy oë. Die eienaardige verskynsel gaan die vlakte dieper binne in die teenoorgestelde rigting waaruit die Swart Luiperd kom. Hy frons diep toe hy die verkyker 'n slag voor sy oë wegvat. Hy vryf 'n slag

sy kykers. Sou hy vandag gesigte sien en drome droom?

Vinnig bring hy die verkyker weer voor sy oë. Ja, dit is 'n ruiter daardie. Dit is nie 'n voël op die dier se rug nie. Dit is 'n mens. 'n Mens in 'n besonder eienaardige houding.

Die Swart Luiperd voel meteens erg opgewonde en ook hoogs verbaas. Sal hy die Zebra met rus laat? Nee, dit tog nie. Die dier stap op 'n gemaklike pas die vlakte binne. As daardie ruiter enigsins wakker is, dan het hy die luiperdman seker ook al gewaar. Daarom besluit die groot man om te gaan kyk wat gaande is. 'n Zebra met 'n ruiter op sy rug—dit sien 'n mens nie aldag nie. Dit is iets om na te kyk.

Hy swaai Donker na regs en op 'n gemaklike galop met die twee tiers weerskante van hom, ry hy in die rigting van die eienaardige ruiter.

Hy kom nog ver aan toe sien hy dat hy deur die verkyker reg gesien het. Dit is 'n zebra en dit is 'n mens wat hom ry. 'n Mens wat slap en vooroor op die dier se rug sit. Maar toe die Luiperdman naderkom, is daar vir hom nog 'n verrassing. 'n Verrassing wat hom so ontstem dat hy Donker aan die teuels ruk en die hings tot stilstand bring.

Dit kan nie wees nie, sê die Swart Luiperd. Nee, dit kan nie wees nie.

En tog is dit. Hy kan dit nou met die blote oog sien. Die ruiter op die zebra se rug, is klaarblyklik 'n vrou. Hy trek weer op en op 'n stywe galop ry hy die zebra by. Toe hy naderkom, gaan die dier ewe gedwee staan. Die ruiter maak geen aanstaltes om te vlug of om enigiets te doen nie.

Om die waarheid te sê, die ruiter gewaar die Swart Luiperd blykbaar gladnie. Die zebra sien hom kom maar die dier is blykbaar 'n mak ryding. Dit is toe die Swart Luiperd 'n paar tree van die zebra af is, dat die vrou haar kop optel. En toe doen sy wat vroue gewoonlik in sulke omstandighede doen. Sy gaan hard en langdurig aan die gil.

Die Swart Luiperd nader haar vinnig. Toe klim hy uit die saal en kom na haar toe. ,,U hoef nie bevrees te wees nie,'' sê hy. ,,Ek is nie 'n vyand nie. Wie is u en waar kom u vandaan?''

Al antwoord wat hy kry, is dat die vreemde vrou blykbaar buite haar wete na hom staar. Haar oë is wyd gesper. Haar mond is oop en hy kan sien dat sy in die greep van histerie is. Sy probeer blykbaar nie eens om iets te sê nie. Sy kyk net na hom en hou haar vingers voor haar mond gedruk en haar kop effens skeef.

Die Swart Luiperd kan nie help om hom te verwonder nie. Die zebra het net 'n riem in sy bek. Daar is geen saal op sy rug nie. Die vrou se klere is gehawend. Sy is 'n pragtige mens. Blond, tenger met twee groot verskrikte blou oë en 'n gevoelige mond. 'n Mond wat op die oomblik deur vrees verwring word.

Die Swart Luiperd kom tot dig by haar. ,,Sê vir my wie u is?'' sê hy. ,,Ek is bereid om u te help. Blykbaar het u die een of ander onaangename ondervinding gehad. Wat het gebeur?''

Die trane verskyn in haar oë en sy skud haar kop heftig asof sy daarmee ontslae wil raak van 'n aaklige ondervinding. Toe druk sy haar kneukels teen haar lippe. Daarna snik sy soos iemand wat in verdriet lank onderdruk het en dit nou laat uitbars. Sy sak vooroor en leun op die skof van die zebra wat ewe dood op sy gemak bly staan. En toe gaan sy pateties en hartroerend aan die huil sodat haar hele liggaam daarvan skud.

Die Luiperdman gebruik die geleentheid om haar noukeuriger te betrag. Sy is betreklik jonk. Hy sou sê omtrent vyf-en-twintig. Daar is bloedige hale oor haar bene waar die takke haar blykbaar gekrap het. Sy het 'n bloese en 'n romp aan maar sowel die bloese as die romp het ook onder die takke deurgeloop. Sy oë word nou terwyl hy na die patetiese figuur op die zebra kyk. Wat sou haar hierheen gebring het? En wat het haar so verskrik gemaak?

Op sy omswerwinge het die Swart Luiperd al dikwels angs en vrees aanskou. Daarom weet hy dat hierdie vreemde vrou in die diepte van vrees verkeer. Hy weet ook dat sy heeltemal verwese is en hy vrees dat sy enige oomblik in histerie kan uitbars. Daarom draai hy om na sy saalsakke toe en uit die een haal hy die halwe fles brandewyn wat hy altyd met hom saamry. Hy drink geen sterk drank nie maar hy het altyd 'n halwe fles brandewyn by hom juis

vir gevalle soos hierdie.

Hy gaan terug na die vrou, vat haar stewig aan die skouer, en buig haar orent.

,,Neem 'n slukkie hiervan,'' sê hy. ,,Dit sal u krag gee en dit sal u laat beter voel.''

Die uitbarsting het haar blykbaar gehelp. Sy is effens kalmer en haar oë lyk bedaard toe sy na hom kyk. Hy haal die prop af en hou die fles voor haar lippe. ,,U moet net baie stadig drink,'' sê hy, ,,sodat u nie stik nie.''

Sy neem 'n paar slukke, toe gaan sy aan die hoes en die proes. Hy draai die bottel toe en gaan sit dit weg. Toe stap hy terug na die zebra. Sonder dat hy 'n woord sê, vat hy haar om die skouers en lig haar van die dier af. Sy is skaars in staat om te staan en hy kan sien dat sy by die dood van uitputting is. Toe help hy haar om te gaan sit.

Hy hurk by die vrou en toe word hy werklik bewus van haar skoonheid. Haar gesig is nou kalmer en hoewel hy kan sien dat sy innerlik diep verstoord is, merk hy ook dat daar in haar 'n krag huiwer.

,,Wil u nie vir my sê wie u is nie?'' vra hy.

Sy kyk lank en twyfelend in sy oë. Toe sê sy sag en met 'n hees stem: ,,My naam is Irma de Leeuw.''

,,Irma de Leeuw?'' sê hy. ,,Waar kom u vandaan?''

Weer sien hy hoedat die skok in haar oë terug is. Sy byt haar onderlip vas en sy swyg 'n hele ruk. So lank dat hy weer moet vra: ,,Waar kom u vandaan en wat het gebeur? Ek wil u graag help, maar ek kan niks doen as ek nie weet wat gebeur het nie.''

,,Ons huis,'' sê sy eindelik. ,,Ons huis is verwoes en afgebrand.''

,,Deur die inboorlinge?''

Sy knik. ,,Deur die Baraka,'' sê sy.

,,En u het gevlug?''

Sy knik.

,,Was daar enige ander mense?''

,,My man,'' sê sy en kyk vervaard na hom. ,,My man was





daar. Hy het verdwyn. Ek kry hom nêrens nie.''

,,Nou waar was u dan?''

,,Ek was in die woud,'' sê sy. ,,Toe ek terugkom, is alles verwoes en ek kan my man nie kry nie.''

,,Het u kinders gehad?'' Die Luiperdman word koud toe hy dit vra.

Sy skud haar kop. Toe kyk sy weer na hom op. ,,Nee, ons het nie kinders gehad nie.''

,,Is iemand gedood?'' vra die Swart Luiperd.

,,Ja,'' sê sy sag. ,,Ja, Heinz Folscher is gedood.''

,,En wie was hy?'' vra die Luiperdman.

Sy kyk skerp na hom en daar is iets baie eienaardig in haar kykers. Hy sien hoedat sy twyfel maar uiteindelik beantwoord sy tog die vraag. ,,Hy was 'n vriend,'' sê sy.

,,En wie was u man?''

,,Max . . . Max de Leeuw. Hy was kommissaris voordat Burundi vry geword het. Ons het besluit om hier aan te bly omdat ons altwee baie belangstel in die dierelewe. En nou. . . nou het hulle alles uitgeroei.''

,,En u sê u man is weg?''

Sy knik weer.

,,Het u geen aanduiding wat van hom geword het nie? Of hy nog leef of iets van die aard nie?''

,,Ek dink hy het gevlug,'' sê sy. ,,Dit is moontlik dat hy ontkom het. Maar ek dink. . . ek dink hulle het hom gevang.''

,,En waarheen is u nou op pad?''

Sy sug diep en sy kyk oor die vlakte weg. ,,Ek weet nie. Ek weet self nie,'' sê sy. ,,Ek is so verskrik ek weet nie waarheen ek gaan nie. Ek het 'n hele dag in die omgewing van ons plek gebly in die hoop dat my man sou terugkeer. Maar later het ek te bang geword. Ek het nie geweet of die Baraka sou terugkom nie. Toe het ek aan die ry gegaan met ons mak zebra. Ek weet self nie waarheen ek op pad was nie.''

Die Swart Luiperd kyk met 'n diepe medelye na die vrou. Hy kan voel hoedat 'n swaar onheil skielik oor die stilte van die